



# GOLTIX 700 SC

Reg. no. L8571 Act/Wet 36 of/van 1947  
N-AR 1142

A selective suspension concentrate herbicide 'n Selektiewe suspensiekonsentraat with foliar and root activity for the control of weeds as listed in beetroot and sugar beet. onkruiddoder met blaar- en wortelopname vir die beheer van onkruide soos hieronder aangedui in beet en suikerbeet.

**HRAC HERBICIDE GROUP CODE**

**C1**

**HRAC ONKRUIDDODERGROEPKODE**

## **ACTIVE INGREDIENT/AKTIEWE BESTANDDEEL**

Metamitron (triazinone)..... 700 g/L ..... Metamitron (triasinoon)

## **NET VOLUME/NETTO VOLUME**

..... L

## **REGISTRATION HOLDER/REGISTRASIEHOUER**

ADAMA South Africa (Pty.) Ltd.

Reg. no. 1992/001741/07

21 Viben Street

7560 Brackenfell

T: +27 21 982 1460 F: +27 21 982 5810

infocpt@adama.com

**GOLTIX is the trademark of a company of the ADAMA GROUP.  
GOLTIX is die handelsmerk van 'n maatskappy van die ADAMA GROEP.**

## **CONTACT IN EMERGENCY/KONTAK IN NOOD**

Griffon Poison Information Centre: +27 82 446 8946

Tygerberg Poison Information Centre: +27 861 555 777

Batch number

.....

Lotnommer

Date of Manufacture

.....

Datum van Vervaardiging

UN no.: 3082



HARMFUL  
SKADELIK



## **WARNINGS**

- Do not graze treated areas.
- Harmful if swallowed.
- Poisonous to fish and other aquatic organisms.
- Store in a cool, dry place away from food, feed and fertilizer.
- Keep under lock and key away from children, uninformed persons and animals.

**Although this remedy has been extensively tested under a large variety of conditions, the registration holder does not guarantee that it will be effective under all conditions. The activity and effect thereof may be affected by factors such as abnormal soil, climatic and storage conditions, quality of dilution water, compatibility with other substances not indicated on the label and the occurrence of resistance of the weeds against the remedy as well as by the method, time and accuracy of application. The registration holder furthermore does not accept responsibility for damage to crops, vegetation, and the environment or harm to humans or animals or for lack of performance of the remedy concerned due to failure by the user to follow the label instructions, or to the occurrence of conditions which could not have been foreseen in terms of the registration. Consult the supplier in the event of any uncertainty.**

## **PRECAUTIONS**

- Avoid inhaling fumes or spray mist.
- Wear protective clothes, e.g. overalls, gloves and boots, when the concentrate is handled.
- Wash immediately with cold water and soap after accidental skin contact.
- Take off contaminated clothes and wash on a daily basis.
- Do not eat, drink or smoke during mixing and application or before hands and face have been washed.
- Avoid drifting of the spray mixture to other crops, grazing areas, rivers or dams or any other area that is not under treatment.
- Invert the empty container over the mixing tank or spray tank and drain for at least 30 seconds after the flow has been reduced to a drip. Thereafter rinse the empty container at least three times with a volume of water equal to at least 10 % of that of the container. Add the rinsate into the spray tank.
- Perforate and flatten the empty container. Do not re-use for any other purpose.
- Clean applicator thoroughly after use and throw wash water where it will not contaminate food, grazing areas, rivers or dams.

## **RESISTANCE WARNING**

For resistance management, **GOLTIX 700 SC** is classified as a group code C 1 herbicide. Any population of a specific weed may contain individuals which have a natural resistance against **GOLTIX 700 SC** or other group code C 1 herbicides. If these herbicides are used repeatedly the resistant individuals can eventually dominate the weed population. These resistant weeds will probably not be controlled by **GOLTIX 700 SC** or any other group code C 1 herbicide. To delay the occurrence of resistance;

- Avoid the repeated exclusive use of herbicides in the same group code. Alternate with or tank mix with herbicides from other group codes.

- Integrate with other methods of control (chemical, biological and cultural) in weed control programmes
- For specific information regarding the management of resistance contact the registration holder of this product.

## **SYMPTOMS OF HUMAN POISONING**

Possible giddiness or in severe cases, coma if it has been swallowed.

### **First aid treatment**

- **Inhalation:** Remove patient from source of contamination to fresh air. Apply artificial respiration if necessary. Get medical assistance.
- **Ingestion:** Wash out mouth with copious amounts of water. Never give anything by mouth to an unconscious person. Get medical assistance.
- **Skin contact:** Remove contaminated clothing and wash contaminated body parts with cold water and soap
- **Eye contact:** Wash out eyes with clean running water while eyelids are held open. Get medical advice.

### **NOTE TO PHYSICIAN**

There is no specific antidote. Treat symptomatically and give supportive therapy.

### **DIRECTIONS FOR USE**

**Use only as directed.**

### **Use restrictions**

- Weed control may not be acceptable on soils with a pH > 7.
- Avoid application of **GOLTIX 700 SC** on soils with a high lime content, where brackish areas are present or where liming was done without soil incorporation.
- The pH of the **GOLTIX 700 SC** spray solution should preferably be between 5–6 and definitely not exceeding pH 7.
- **GOLTIX 700 SC** is taken up mainly by the roots of target weeds and should therefore be applied pre-emergence of the weeds.
- **GOLTIX 700 SC** applied post-emergent should always be applied as a follow on a pre-emergent application of **GOLTIX 700 SC**. A post-emergent application of **GOLTIX 700 SC** only may lead to erratic or unacceptable weed control.
- MCW EOS at 0.5 % should be used in the spray mixture whenever **GOLTIX 700 SC** is applied post-emergent.
- **Follow on crops:** Except beetroot and sugar beet no follow on crop should be planted within 16 weeks after a **GOLTIX 700 SC** application has been made. A deep ploughing operation is recommended after the 16 week waiting period has expired before another crop other than beetroot or sugar beet is planted.

## APPLICATION

### Pre-emergence application

**GOLTIX 700 SC** must be applied on a weed free, moist, even, firm and fine seedbed without any clods or excessive plant rests. This should be done directly after planting. The application can be done by any suitable medium or high volume sprayer, provided it is fitted with flat fan nozzles, it is correctly calibrated, it is fitted with an efficient agitation system and it is able to spread the spray mixture evenly over the target area. A minimum of 200 L water/ha is recommended. Rain or irrigation of at least 10 mm within 5 days after application is necessary to leach the product into the soil before weeds start to germinate. A pre-emergence application of **GOLTIX 700 SC** can be followed by one or more post-emergence applications, if necessary.

### Post-emergence application

Some broadleaf weeds which are in the 2-6 leaf stage and some grasses which have not yet developed past the 4-leaf stage, can be controlled by a post-emergence application of **GOLTIX 700 SC** as a follow on application on a pre-emergence application of **GOLTIX 700 SC**. At the time of application, weeds should be actively growing and should not be subject to any stress conditions. The **GOLTIX 700 SC** can be applied by any suitable medium to high volume sprayer which is fitted with an efficient agitation mechanism, is correctly calibrated and which is able to distribute the spray solution evenly over the target area. A minimum of 200 L spray mixture/ha is recommended. The beetroot or sugar beet should be in at least the true 2 leaf stage when a post-emergence application is done and should also not be exposed to any stress conditions. An adjuvant, based on a mineral oil, like MCW EOS is recommended according to label recommendations, when a post-emergence application of **GOLTIX 700 SC** is made.

## APPLICATION RATES

CROP AND TARGET	DOSAGE RATE	REMARKS
Beetroot	<b>Pre-emergence</b> 2–3 L/ha	Apply in a least 200 L water/ha on a clean, moist, even, firm and fine seedbed without excessive plant rests. Rain or irrigation of at least 10 mm within 5 days after application, should take place. Use the higher dosage rate where the clay percentage exceeds 20 % or where longer residual control is desired. If necessary a pre-emergence application can be followed by one or more post-emergence applications at 2 L/ha.
	<b>Post-emergence</b> 3 L/ha	Apply in at least 200 L water/ha. Broadleaf weeds should be in the 2–6 leaf stage and susceptible grasses should not have developed beyond the 4 leaf stage at the time of application. The beetroot, however, should at least be in the true 2-leaf stage. It is recommended that a suitable adjuvant based on a mineral oil, e.g. MCW EOS is used with <b>GOLTIX 700 SC</b> at 0.5 L/100 L water.

CROP AND TARGET	DOSAGE RATE	REMARKS
<b>Sugar beet</b>	<b>Pre-emergence</b> 4–6 L/ha	Apply in at least 200 L water/ha directly after planting on a clean, moist, even, firm and fine seedbed without excessive plant rests. Rain or irrigation of at least 10 mm should take place within 5 days after application. Use the higher dosage rate where the clay percentage exceeds 20 % or where longer residual action is desired. A pre-emergence application may be followed by one or more post-emergence applications.
	<b>Post-emergence</b> 2–4 L/ha	Apply in at least 200 L water/ha. Broad leaf weeds should not have developed further than the 6-leaf stage and susceptible grasses, not further than the 4-leaf stage. Post-emergence applications on sugar beet can only be done if the sugar beet is at least in the true 2-leaf stage. Use the lower rate if the application is a follow on to a pre-emergence application. The post-emergence applications can be repeated if necessary. The use of an adjuvant based on a mineral oil, e.g. MCW EOS, at 0.5 L/100 L water is recommended for post-emergence applications of <b>GOLTIX 700 SC</b> .

## WEED SPECTRUM

### Pre-emergence

The following weeds are normally controlled by **GOLTIX 700 SC**:

### BROADLEAF WEEDS

Botanical name	Common name
<i>Amaranthus hybridus</i>	Common pigweed
<i>Amsinckia menziesii</i>	Fiddle neck
<i>Chenopodium album</i>	White goosefoot
<i>Chenopodium carinatum</i>	Green goosefoot
<i>Datura ferox</i>	Large thorn apple
<i>Datura stramonium</i>	Thorn apple
<i>Emex australis</i>	Spiny Emex
<i>Erodium moschatum**</i>	Musk heron's bill
<i>Lactuca serriola</i>	Wild lettuce
<i>Lepidium bonariense</i>	Pepperweed
<i>Nicandra physalodes</i>	Apple of Peru

<b>Botanical name</b>	<b>Common name</b>
<i>Persicaria lapathifolia</i>	Spotted knotweed
<i>Physalis angulata</i>	Wild gooseberry
<i>Portulaca oleracea</i>	Purslane
<i>Raphanus raphanistrum**</i>	Wild radish
<i>Schkuhria pinnata</i>	Dwarf marigold
<i>Spergula arvensis</i>	Corn Spurry
<i>Tagetes minuta</i>	Tall khaki weed

\*\* Dosage rate of 6 L/ha to achieve effective control

## GRASSES

<b>Botanical name</b>	<b>Common name</b>
<i>Chloris virgata</i>	Feathertop Chloris
<i>Digitaria sanguinalis</i>	Crab fingergrass
<i>Eleusine indica</i>	Goose grass
<i>Lolium spp (annual)</i>	Ryegrass

## Post emergence

The following weeds are normally controlled by a post-emergence application of **GOLTIX 700 SC**:

### BROADLEAF WEEDS

<b>Botanical name</b>	<b>Common name</b>
<i>Amaranthus thunbergii</i>	Red pigweed
<i>Argemone ochroleuca</i>	White flowered Mexican poppy
<i>Chenopodium album</i>	White goosefoot
<i>Datura ferox</i>	Large thorn apple
<i>Datura stramonium</i>	Thorn apple
<i>Emex australis</i>	Spiny Emex
<i>Lactuca serriola</i>	Wild lettuce
<i>Lepidium bonariense</i>	Pepperweed
<i>Portulaca oleracea</i>	Purslane

<b>Botanical name</b>	<b>Common name</b>
<i>Raphanus raphanistrum</i> **	Wild radish
<i>Schkuhria pinnata</i>	Dwarf marigold
<i>Tagetes minuta</i>	Tall khaki weed
<i>Tribulus terrestris</i>	Common dubbeltjie

\*\* Dosage rate of 6 L/ha to achieve effective control

#### GRASSES

<b>Botanical name</b>	<b>Common name</b>
<i>Digitaria sanguinalis</i>	Crab fingergrass
<i>Eleusine indica</i>	Goose grass

**MCW EOS (Reg. No L 7954) is the trademark of a company of the ADAMA GROUP.**

## WAARSKUWINGS

- Moet nie behandelde gebiede laat bewei nie.
- Skadelik indien ingesluk.
- Giftig vir visse en ander waterorganismes.
- Berg in 'n koel, droë plek weg van voedsel, voer en kunsmisstowwe.
- Hou onder slot en rendel buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.

Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie. Die werking en doeltreffendheid daarvan kan beïnvloed word deur faktore soos abnormale grond, klimaats- en bergingstoestande, kwaliteit van die verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui word nie en die voorkoms van weerstand van die onkruide teen die betrokke middel sowel as die tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei en die omgewing of nadelige invloede op mense of diere of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom, of as gevolg van die onstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.

## VOORSORGMAATREËLS

- Vermy inaseming van dampe en sputnewel.
- Dra beskermende oorklere, handskoene en stewels wanneer die konsentraat hanteer word.
- Was onmiddelik met koue water en seep na toevallige velkontak.
- Trek besoedelde klere uit en was daagliks.
- Moet nie eet, drink of rook tydens vermenging en toediening, of voordat hande en gesig gewas is nie.
- Vermy die oorwaai na ander gewasse, weiding, riviere of damme en ander gebiede wat nie onder behandeling is nie.
- Keer die leë houer om oor die spuittenk of mengbak en dreineer vir ten minste 30 sekondes nadat die vloeい tot 'n gedrup verminder het. Spoel daarna die leë houer driekeer met 'n volume water uit wat minstens gelykstaande is aan 10 % van die volume van die houer. Gooi die spoelwater in die mengtenk.
- Vernietig die leë houer deur dit te perforeer en plat te druk en moet dit nooit weer vir enige ander doel hergebruik nie.
- Maak die spuittoestel deeglik skoon met water na gebruik en gooи waswater uit waar dit nie voedsel, weiding, riviere of damme sal besoedel nie.

## WEERSTANDSWAARSKUWING

Vir weerstandbestuur word **GOLTIX 700 SC** as 'n groepkode C1 onkruiddoder geklassifiseer. Enige populasie van 'n spesifieke onkruid mag individue insluit wat 'n natuurlike weerstand teen **GOLTIX 700 SC** of enige ander groepkode C 1 onkruiddoders het. Indien hierdie onkruiddoders herhaaldelik gebruik word, kan die weerstandbiedende individue uiteindelik die onkruidpopulasie oorheers. Hierdie weerstandbiedende onkruide sal waarskynlik nie deur **GOLTIX 700 SC** of enige ander groepkode C 1 onkruiddoders beheer word nie.

Om weerstand teen onkruiddoders te vertraag kan die volgende gedoen word:

- Vermy die eksklusieve herhaalde gebruik van onkruiddoders met dieselfde groepkode. Wissel af met/of gebruik tenkmengsels van produkte in verskillende onkruiddodergroepkodes.
- Integreer met ander beheermaatreëls (chemiese, verbouing, biologies) in onkruidbeheerprogramme.
- Vir spesifieke inligting oor weerstandsbestuur kontak die registrasiehouer van hierdie produk.

## SIMPTOME VAN VERGIFTIGING

Moontlike duiseligheid of in erge gevalle koma indien ingesluk word.

## Noodhulpbehandeling

- **Inaseming:** Verwyder die pasiënt van besoedelinsbron na skoon lug. Pas kunsmatige asemhaling toe indien nodig. Kry mediese hulp.
- **Inname:** Was mond uit met groot hoeveelhede water. Moet nooit enige iets per mond aan 'n bewusteloze persoon gee nie. Kry mediese hulp.
- **Velkontak:** Verwyder besoedelde klere en was besoedelde liggaamsdele met koue water en seep.
- **Oogkontak:** Was uit met groot hoeveelhede lopende skoon water terwyl oogledde oopgehou word. Kry mediese hulp.

## NOTA AAN GENEESHEER

Daar is geen spesifieke teenmiddel nie. Behandel simptomaties en gee ondersteunende terapie.

## GEBRUIKSAANWYSINGS

Gebruik slegs soos aangedui.

## Gebruiksvoorraarde

- Onkruidbeheer mag nie na wense wees op gronde met 'n pH > 7.
- Vermy toediening van **GOLTIX 700 SC** op gronde wat kalkagtig is, waar brak kolle voorkom of waar bekalking gedoen is en dit op die grondoppervlak lê.
- Die pH van die **GOLTIX 700 SC** spuitoplossing moet verkieslik 5-6 wees, maar moet nie pH 7 oorskry nie.
- **GOLTIX 700 SC** word hoofsaaklik deur die wortels van teikenonkruide opgeneem en moet dus vooropkom van die onkruid toegedien word.
- 'n Na-opkom toediening van **GOLTIX 700 SC** moet altyd as 'n opvolgtoediening van 'n vooropkom toediening van **GOLTIX 700 SC** plaasvind. Indien slegs 'n na-opkom toediening van **GOLTIX 700 SC** gedoen word, kan wisselvallige tot swak beheer van onkruide verwag word.
- MCW EOS teen 0.5 % moet in die spuitmengsel gebruik word tydens 'n na-opkom toediening van **GOLTIX 700 SC**
- **Opvolggewasse:** Behalwe beet en suikerbeet moet geen opvolggewas binne 16 weke na 'n **GOLTIX 700 SC** toediening aangeplant word nie. 'n Diep ploegbewerking word aanbeveel na die verstryking van die wagperiode voordat 'n ander gewas anders as beet of suikerbeet aangeplant word.

## TOEDIENING

### Vooropkomstoediening

**GOLTIX 700 SC** moet op 'n onkruidvrye, fyn, ferm, eweredige, klam saadbed sonder oormatige plantreste direk na plant toegeïnd word. Toediening van **GOLTIX 700 SC** kan deur middel van enige geskikte medium of hoë volume spuitapparaat, toegerus met platwaaierspuitpunte toegeïnd word, mits dit korrek gekalibreer is, toegerus is met 'n doeltreffende roermeganisme en in staat is om die spuitmengsel eweredig oor die teikenoppervlak te versprei. 'n Minimum van 200 L spuitmengsel/ha word aanbeveel. Reën of besproeiing van ten minste 10 mm is nodig binne 5 dae na toediening om die middel in die grond te was voor ontkieming van onkruide. 'n Vooropkom toediening van **GOLTIX 700 SC** kan gevvolg word deur een of meer na-opkom toedienings indien nodig.

### Na-opkomstoediening

Sommige breëblaaronkruide, wat in die 2–6 blaar stadium is en grasse wat nie verder as die 4-blaar stadium is nie word deur **GOLTIX 700 SC** as 'n opvolg op 'n vooropkom, toediening van **GOLTIX 700 SC** na-opkom beheer. Onkruide moet tydens toediening aktief groei en nie onderhewig wees aan stremmingstoestande nie. Toediening kan geskied deur gebruik te maak van enige geskikte medium- of hoë volume spuitapparaat wat toegerus is met 'n doeltreffende roermeganisme en wat korrek gekalibreer is om die spuitmengsel eweredig oor die teikenoppervlak te versprei. 'n Minimum van 200 L spuitmengsel/ha word aanbeveel. Beet of suikerbeet moet minstens in die ware 2-blaarstadium wees tydens 'n na-opkom toediening en moet nie onder enige stremmingstoestane verkeer nie. 'n Bevorderingsmiddel gebaseer op 'n minerale olie soos MCW EOS word aanbeveel volgens etiketanwysings by na-opkom toedienings van **GOLTIX 700 SC**.

## TOEDIENINGSHOEVEELHEDE

GEWAS OF TEIKEN	DOSIS	OPMERKINGS
<b>Beet</b>	<b>Vooropkoms</b> 2–3 L/ha	Dien toe in minstens 200 L water/ha direk na plant op 'n klam, skoon, fyn, ferm gelyk saadbed sonder oormatige plantreste. Reën of besproeiing van ten minste 10 mm moet binne 5 dae na toediening plaasvind. Gebruik die hoër dosis waar die kleipersentasie 20 % oorskry of waar langer beheer verlang word. 'n Vooropkomstoediening kan deur een of meer na-opkomstoedienings gevvolg word teen 2 L/ha indien nodig.
	<b>Na-opkoms</b> 3 L/ha	Dien toe in minstens 200 L water/ha. Breëblaaronkruide moet in die 2–6 blaarstadium wees tydens toediening. Gevoelige grasse moet nie verder as die 4-blaarstadium wees tydens toediening nie. Beet moet tenminste in die ware 2-blaarstadium wees tydens toediening. Die gebruik van 'n geskikte bevorderingsmiddel gebaseer op 'n minerale olie by MCW EOS teen 0.5 L/100 L water word aanbeveel vir na-opkomstoedienings van <b>GOLTIX 700 SC</b> .

GEWAS OF TEIKEN	DOSIS	OPMERKINGS
<b>Suikerbeet</b>	<b>Vooropkoms</b> 4–6 L/ha	Dien toe in minstens 200 L water/ha direk na plant op 'n klam, skoon, fyn, ferm, gelyk saadbed sonder oormatige plantreste. Reën of besproeiing van ten minste 10 mm moet binne 5 dae na toediening plaasvind. Gebruik die hoër dosis waar die kleipersentasie 20 % oorskry of waar langer beheer verlang word. 'n Vooropkomstoediening kan deur een of meer na-opkomstoedienings gevolg word.
	<b>Na-opkoms</b> 2–4 L/ha	Na-opkomstoediening kan geskied sodra die suikerbeet in minstens die eerste ware 2-blaar stadium is. Dien toe in minstens 200 L water/ha. Breëblaaronkruide moet nie verder as die 6-blaar stadium en gevoelige grasse nie verder as die 4-blaar stadium gevorder het tydens toediening nie. Gebruik die laer toedieningshoeveelheid as die na-opkom bespuiting 'n opvolg op die vooropkoms bespuiting is. Indien nodig kan die na-opkoms bespuiting herhaal word. Dit word aanbeveel dat 'n geskikte bevorderingsmiddel gebaseer op 'n minerale olie soos MCW EOS teen 0.5 L/100 L water by na-opkom toedienings van <b>GOLTIX 700 SC</b> gebruik word.

## ONKRUIDSPEKTRUM

### Vooropkoms

Die volgende onkruide word normaalweg deur **GOLTIX 700 SC** beheer:

### BREËBLAARONKRUIDE

Botaniese naam	Gewone naam
<i>Amaranthus hybridus</i>	Gewone misbredie
<i>Amsinckia menziesii</i>	Vioolnek
<i>Chenopodium album</i>	Withondebossie
<i>Chenopodium carinatum</i>	Groenhonebossie
<i>Datura ferox</i>	Groot stinkblaar
<i>Datura stramonium</i>	Stinkblaar
<i>Emex australis</i>	Kaapse dubbeltjie
<i>Erodium moschatum**</i>	Turknael
<i>Lactuca serriola</i>	Wildeslaai
<i>Lepidium bonariense</i>	Peperbossie

Botaniese naam	Gewone naam
<i>Nicandra physalodes</i>	Basterappellieifie
<i>Persicaria lapathifolia</i>	Hanekam
<i>Physalis angulata</i>	Wilde-appellieifie
<i>Portulaca oleracea</i>	Porslein
<i>Raphanus raphanistrum**</i>	Ramenas
<i>Schkuhria pinnata</i>	Kleinkakiebos
<i>Spergula arvensis</i>	Sporrie
<i>Tagetes minuta</i>	Langkakiebos

\*\* Toedieningshoeveelheid moet 6 L/ha wees vir doeltreffende beheer.

#### GRASONKRUIDE

Botaniese naam	Gewone naam
<i>Chloris virgata</i>	Witpluim-Chloris
<i>Digitaria sanguinalis</i>	Kruisvingergras
<i>Eleusine indica</i>	Jongosgras
<i>Lolium spp (annual)</i>	Raaigras

#### Na-opkoms

Die volgende onkruide word normaalweg deur een of meer na-opkomstoedienings van **GOLТИX700 SC** beheer:

#### BREËBLAARONKRUIDE

Botaniese naam	Gewone naam
<i>Amaranthus thunbergii</i>	Rooimisbredie
<i>Argemone ochroleuca</i>	Meksikaanse papawer
<i>Chenopodium album</i>	Withondebossie
<i>Datura ferox</i>	Groot stinkblaar
<i>Datura stramonium</i>	Stinkblaar
<i>Emex australis</i>	Kaapse dubbeltjie
<i>Lactuca serriola</i>	Wildeslaai

<b>Botaniese naam</b>	<b>Gewone naam</b>
<i>Lepidium bonariense</i>	Pepperbossie
<i>Portulaca oleracea</i>	Porslein
<i>Raphanus raphanistrum</i> **	Ramenas
<i>Schkuhria pinnata</i>	Kleinkakiebos
<i>Tagetes minuta</i>	Lang kakiebos
<i>Tribulus terrestris</i>	Dubbeltjie

\*\* Toedieningshoeveelheid moet 6 L/ha wees vir doeltreffende beheer.

#### **GRASONKRUIDE**

<b>Botaniese naam</b>	<b>Gewone naam</b>
<i>Digitaria sanguinalis</i>	Kruisvingergras
<i>Eleusine indica</i>	Jongosgras

**MCW EOS (Reg. No L7954) is die handelsmerk van 'n maatskappy van die ADAMA GROEP.**